**6 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 15:1-7**
**Fokusgedeelte: Lukas 15:4**

## Die verlore skaap

Die herder en sy skape is ‘n bekende beeld in die Bybel. In die bergveld van Juda het die mense skape aangehou. Mens dink aan die herders in die velde van Betlehem. Weiding is skaars daar tussen die rotse. ‘n Skaap het dus maklik weggedwaal agter grassies aan. So ‘n skaap kan op ‘n rotslys beland en daar lê en doodgaan. Die skaapwagters van ouds was meesters in die kuns van spoorsny. As dit nodig was, het die skaapwagter ook teen ‘n steilte afgegaan om ‘n skaap wat op ‘n lys beland het, te gaan red.

Daar was gewoonlik ‘n paar herders wat in een dorp gewoon het. Hulle het saam veld toe gegaan en saam teruggekom. Dit verklaar waarom die herder sy verlore skaap kon gaan soek. Sy bure het solank na sy kudde gekyk. Toe hulle hom met die skaap oor sy skouers sien aankom, was almal bly. Die herder was blyer oor die een verlore skaap wat hy gevind het as oor die nege en negentig wat nie verdwaal het nie.

God is ook bly oor een sondaar wat berouvol na Hom terugkeer. Met hierdie gelykenis wou die Here Jesus die tollenaars leer dat hulle ook gered kan word. Hulle moet net om vergifnis vra en na die goeie Herder toe kom. God se liefde gaan ook uit na die enkeling wat afgedwaal het. Daarby is hy geduldig in sy liefde. Ons sal sê: “Dis jou eie skuld dat jy in sonde geval het.”

God tree nie so op nie. Hy het selfs die dwaas lief wat self vir sy ongeluk blameer kan word.

**Sing: Skrifberyming 15:1,4,5; Psalm 23:2**

**Ds HA Louw (Emeritus)**